DIE BYBEL in 'n neutedop

Rigters

—deur Peter Hammond

"Die Here het hierdie nasies met rus gelaat om die Israeliete met hulle op die proef te stel, dié Israeliete wat nie ondervinding gehad het van al die oorloë teen die Kanaäniete nie." Rigters 3:1

Twee temas:

1 Getrouheid van die God wat die Verbond hou.
2 Ontrouheid van die volk wat die Verbond verbreek.

- Rigters is 'n verslag van die mens se sonde, God se oordeel, God se genade en verlossing
- Rigters wys op die mens se potensiaal vir edelheid en sy vermoë tot onheil
- Ná oorwinning in Josua sien ons in Rigters kompromie en tugtiging (Rigters 2:10)

Rigters weerspieël

7 apostasies (geloofsversakings)
7 serwitute (slawernyskappe)
7 verlossings

Kontraste

Josua	Rigters
Oorwinning	Nederlaag
Geloof	Ongeloof
Gehoorsaamheid	Ongehoorsaamheid
Volk is verenig	Volk verdeeld en in anargie verval
God se Woord is sentraal	God se Woord word verontagsaam

In Rigters sien ons herhaaldelik dié waarheid: Wat jy saai, sal jy maai. Daar is gevolge vir onvolkome gehoorsaamheid: dwangarbeid en slawerny onder vreemde verdrukkers. God se Woord was nog altyd duidelik, daar mag geen vredesverdrae, ondertrouery of godsdienstige sinkretisme (samesmelting van godsdienstige opvattings) wees nie. Geen vreedsame naasbestaan met die heidendom nie. *"En die volgende geslag se mense het nie die Here geken nie. Hulle het ook nie geweet van Sy groot dade wat Hy gedoen het om vir Israel te help nie."* Rigters 2:10.

Die gevolge van sonde

Sonde lei tot dwingelandy. Sonde lei tot slawerny en lyding. Smeekgebede en om die Here te soek, lei egter tot verlossing. Wanneer God se volk tot inkeer gekom het, het die Here 'n rigter opgerig om hulle te verlos. *"Toe het die Israeliete tot die Here geroep, en Hy het vir hulle 'n redder na vore laat kom wat hulle gered het."* Rigters 3:9. Die mense het fellowship met God verloor weens onvolkome gehoorsaamheid. Hulle het God se Woord verontagsaam en verdraagsaam geword teenoor die heidendom wat God hulle beveel het om te vernietig.

God se strategie vir oorgerustheid

Rigters 3:1-2 is God se strategie vir oorgerustheid. Hy maak sondes strawwe sodat Hy Sy volk kan leer hoe om Hom in die stryd te vertrou. Dit is God se plan, dat Sy volk deur konflik opgelei, gesuiwer, gereinig en voorberei word om op te ruk. Is jy 'n toeskouer, of 'n soldaat?

'n Toets

Die Here het die heidene tussen Sy volk laat woon *"om Israel te toets, om te sien of die Israeliete gehoorsaam sou wees aan die gebooie van die Here…"* Rigters 3:4. Telkens sien 'n mens die dubbele vloeke van immoraliteit en afgodediens wat die volk van God verderf en hulle van God af weglei.

Die rigters

Die twaalf rigters sluit in: Otniël, Ehud, Samgar, Debora, Gideon, Tola, Jaïr, Jefta, Ibsan, Elon, Abdon en Simson.

Debora

Debora het 'n nood raakgesien en was vasberade om iets daaromtrent te doen. Sy het ander gekry om haar te help, het Barak met God se bevel gekonfronteer, het haar generaal met God se beloftes versterk en het 'n plan gemaak. Die leër van Israel sou die vyand op die vlakte aanpak – die vyand se sterk punt. Hoewel Israel uitoorlê en nie in 'n magsposisie was nie, het God ingegryp en 'n hewige storm en vloed gestuur wat die Kisonrivier sy walle laat oorstroom het, die vlakte was oorstroom en die strydwaens van Sisera het in die modder vasgeval. Toe Sisera te voet na die tent van Jael gevlug en »

Die rigters was verteenwoordigers van die volk in tye van oorlog en het regsake besleg. Hulle is deur God uitgekies.

Die Rigters van Israel

Ná Josua se oorwinning van Kanaän tot en met die vorming van die eerste koninkryk van Israel, het die Israelitiese stamme 'n informele bondgenootskap gevorm. Daar was geen sentrale regering in hierdie bondgenootskap nie en gedurende krisistye is die volk deur 'n ad hoc-leierskap, bekend as die rigters, gelei.

Hierdie rigters het uit elf manne en een vrou bestaan. Die rigters het dikwels in regsake uitspraak gelewer, maar die meeste rigters het gedurende oorloë hoofsaaklik as militêre leiers opgetree. Hierdie leiers is deur God gestuur om die mense te verlos en nadat die bedreiging verby is, is daar in die reël van die rigter verwag om sy posisie as militêre leier prys te gee. God gebruik mense wat in geloof na vore tree, wat Hom vertrou en die moed het om die vyand teen te staan.



DIE BYBEL
in 'n neutedop
Rigters

daar geskuil het, het sy 'n tentpen deur sy kop gekap terwyl hy slaap. (Sien weer eens hierdie tema van die saad van die vrou wat die slang se kop verbrysel, soos geprofeteer in Genesis 3:15). In die lied van Debora wys sy diegene tereg wat tussen die kampvure gebly het om die fluitspel by die kuddes te hoor, wat by die skepe vertoef en by die kus agtergebly het en om verskeie redes nie daarin geslaag het om gedurende die oorlogstyd te mobiliseer nie. *"Die Engel van die Here het gesê: 'Julle moet vir Meros vervloek, julle moet sy inwoners sonder genade vervloek, want hulle het nie vir die Here kom veg nie, nie vir Hom teen die dapper vegters kom veg nie.'"* Rigters 5:23.

Krag in swakheid

'n Mens sien herhaaldelik hoe God 'n swak en klaarblyklik onbeduidende volk neem, hulle verander en hulle gebruik. Hulle het groot dinge vir God vermag omdat hulle op Sy krag gereken het om in hulle swakheid volbring te word. God het behae daarin om dít waarop die wêreld mag neersien te gebruik: Ehud wat 'n tuisgemaakte dolk gebruik het; Debora, 'n merkwaardige vrou; Gideon, die jongste van 'n obskure familie van die kleinste stam; Samgar met 'n osdrywerstok; en Simson met 'n kakebeen. God sal verlossing bewerkstellig deur ondergeskiktes te gebruik wanneer leiers nie standpunt inneem nie.

Gideon

Die aggressiewe Midianiete het die land ingeneem, geplunder, die oeste verwoes, en nie 'n lewende ding gespaar nie. Soos swerms sprinkane het die Midianiete die Israeliete verarm totdat hulle na die Here om hulp uitgeroep het. Die Engel van die Here het Gideon geroep; aanvanklik was hy bangerig en ontmoedig. Hy het opdrag gekry om in die krag van die Here uit te gaan, maar Gideon het geprotesteer dat sy stam die swakste in Manasse is en dat hy die minste in sy eie familie is. Die wil van God sal jou egter nooit êrens heen lei waar die genade van die Here jou nie kan behoed nie. Waar God lei, voorsien Hy. God se dienskneg is God se verantwoordelikheid. Die veiligste plek is in die middel van God se wil.

Afbreek van die Baäl-altaar

Voordat die Midianiete verdryf kon word, moes die bron van hulle politieke en militêre mag, Baäl-aanbidding, aangeval word. God se altaar kan nie gebou word alvorens Baäl se altaar nie vernietig is nie. Die eerste opdrag aan Gideon was om 'n altaar van Baäl te vernietig, hy het in sy eie agterplaas begin.

In Rigters sien ons leiers wat gehoorsame geloof betoon ten spyte van hulle vrees. Hulle vertrou in 'n God wat leiding gee, hulle toerus en bekragtig.

Moed en konfrontasie

Persoonlike toewyding moet openbare moed en konfrontasie tot gevolg hê. Gideon se aksies dui op gehoorsame geloof ten spyte van sy vrees. Geloof is nie vreesloosheid nie, maar gehoorsaamheid. Gideon het Baäl openlik uitgedaag en oorleef om daarvan te vertel, en hierdeur bewys dat Baäl magteloos is. Wanneer God ons roep, rus Hy ons toe en bemagtig ons. Gideon was 'n sigbare bewys van God se krag en Baäl se swakheid.

Gideon se 300 manskappe

Gideon het toe 'n eenvoudige, geheime en betekenisvolle toets gebruik om sy spesiale groep soldate te kies. Die meeste van die 32 000 wat gekies het om God te dien, is afgekeur en huis toe gestuur. Hulle het God gekies, maar Hy het hulle nie gekies nie. Enigiemand kan water drink, maar dit is hoe ons die klein dingetjies doen, wat saak maak. Gideon se 300 het uitgegaan en 125 000 Midianiete verslaan.

Verslaan die Midianiete

Deur sy voorbeeld het Gideon 'n eenheid van aksie gemobiliseer wat spoed, vaardigheid en verrassing gebruik het om die vyand te verslaan. Hulle het die Midianiete omsingel en met volmaakte strategie en tydsberekening, met die klank van trompette en die lig van hulle brandende fakkels, die vyand mislei en laat dink dat daar 'n horde vyandelike linies aan alle kante was.

Telkens sien ons hoe God die swakke en die oënskynlik geringe neem en magtig gebruik. Die veiligste plek is in die middel van God se wil.

Simson

God het die gebede van 'n toegewyde paartjie vir 'n kind gehoor. Hierdie kind het 'n unieke geboorte gehad en sou ook 'n unieke lewenstyl hê – hy moes homself afgesonder hou om ononderbroke gemeenskap met God te behou. Die verhaal van Simson is een van vermorste potensiaal weens 'n gebrek aan dissipline. Simson het groot potensiaal gehad, maar het dit verkwis. Simson het Godvresende ouers gehad, 'n unieke geboorte, 'n unieke lewenstyl, groot krag, en hy is deur die Heilige Gees as verlosser gesalf. Simson het 'n swakkeling geword omdat hy nooit geleer het om homself te beheer nie. *"Hy wat sy gees beheers [is beter] as een wat 'n stad inneem."* Spr 16:32.

Ten spyte van sy ernstige gebreke het Simson egter 'n passie vir vryheid gehad en het hy die bedreiging van die Filistyne ingesien. Sy weerstand het die Filistyne in so 'n mate gegrief dat hulle 'n groot leër gestuur het om met hom af te reken. Die Filistyne, wat 3 000 man gemobiliseer het om Simson gevange te neem, het die Hebreërs geïgnoreer.

Die Hebreërs het nie net die kans gemis om hulle by God se vryheidsvegter aan te sluit nie, hulle het met die verdrukkers saamgeheul om Simson te verraai! Hulle het slawerny bo vryheid verkies! Kompromie was gemakliker as toewyding en konfrontasie. Hulle het die vyand se vuil werk vir hom gedoen.

Moed en geloof

Simson het met geloof en moed opgetree en toegelaat dat hulle hom vasbind en het »

Sonde sal jou verder neem as wat jy wil gaan
Sonde sal jou langer daar hou as wat jy wil bly
Sonde sal jou meer kos as wat jy wil betaal

DIE BYBEL
in 'n neutedop
Rigters



Vry na versoeking

Simson het gevry na versoeking en dit binne die einste vesting van sy vyand – Gasa. Sonde mag 'n klein begin hê, maar dit eindig nie daar nie. Die Skrif waarsku ons om " niks met seksuele losbandigheid te doen [te] hê nie," 1 Kor 6:18, maar Simson het gekies om nie te vlug nie, hy het sy karakter verloor.

Vrede kom deur krag. Stabiliteit kom deur oorwinning. Hoogmoed kom egter tot 'n val. Simson het so vol selfvertroue en roekeloos geword dat hy homself opsetlik aan die vyand bloot gelê het. "Moet julle nie langer laat mislei nie: 'Slegte geselskap bederf goeie sedes.'" 1 Kor 15:33.

ongewapen en hulpeloos tussen die soldate van die groot Filistynse weermag ingestap. Die Gees van God het kragtig oor hom gekom en hy kon die toue losbreek waarmee hy gebind was. Hy het die kakebeen van 'n donkie opgetel en 'n duisend Filistyne doodgeslaan. Daarná was daar 20 jaar lank vrede en stabiliteit vir Israel onder Simson se leierskap.

Morele kompromie maak ons weerloos

Versoeking kom in aanloklike verpakkings.

Ons sien Simson se hardkoppige selfvertroue. Die verleiding deur Delila en die dwaasheid van sonde.

Die resultaat: skande, nederlaag en rampspoed.

Die boodskap van Rigters

Die verhaal van Simson som die boodskap van Rigters op: Sonde verblind. Sonde bind. Sonde bederf. God het Simson nooit laat vaar nie. Sy dissipline het tot herstel gelei. Verblind, vasgeketting, in slawerny en gevange, het Simson in ware berou na God toe teruggedraai. God het sy opregte gebed gehoor en deur Simson 'n groot oorwinning oor die bose behaal. Daar word eervol in Hebreërs 11 na Simson verwys.

Sonde het nie die laaste sê in ons lewens nie. Sonde kan nie wen nie. Geloof kan nie misluk nie. Jesus is die Ewige Rigter. ▪

DR. PETER HAMMOND *is 'n sendeling, Bybel-leraar en outeur. Skakel: 021 689 4480; www.frontline.org.za (Sommige illustrasies vir hierdie artikel is deur Tim Shirey van 'Child Evangelism Fellowship' www.illustratedword.com)*

FRONTLINE HULPBRONNE

Dien die Vervolgde

280 Bladsye
14 Fotos
R48



100 Bladsye
43 Fotos
R28



70 Bladsye
20 Fotos
R15



320 Bladsye
200 Fotos
Hardeband R175
Sagteband R105



3 Rolprente op 1 DVD
R90

Evangelisering in die Gevegsfront

20 Lesings op 1 MP3
R98



20 Bladsye
R30

290 Bladsye
200 Fotos
R105

300 Bladsye
R98

23 Lesings op 1 MP3
R98

Maak Dissiples... Ondering Gehoorsamheid

120 Bladsye
10 Fotos
R58



200 Bladsye
R75



90 Bladsye
R40



380 Bladsye
250 Fotos
R135

35 Lesings op 1 MP3
R98

Die Groot Kommissie is ons Hoogste Ambisie

160 Bladsye
90 Fotos
Sagteband R68
Hardeband R110

160 Bladsye
(Groot Formaat)
R75

73 Lesings op 3 MP3s en
1 Data DVD
R200

20 Lesings op 1 MP3
R98

140 Bladsye
7 Fotos
R75

Est. May 1995

Christian Liberty Books

Resources for Reformation and Revival

Posbus 358, HOWARD PLACE, PINELANDS, 7450
TEL/Faks : 021 689 7478
admin@christianlibertybooks.co.za www.christianlibertybooks.co.za